U3A STILBAAI

VOORSITTER SE VERSLAG : 2019– 2020

INLEIDING

Die Covid-19 pandemie het alle vergaderings en byeenkomste van U3A Stilbaai vir ‘n groot deel van 2020 gesluit, maar ten spyte van beperkings kon ons aangaan met sommige aktiwiteite.

Die belangrikste verwikkeling van die jaar was goedkeuring van ‘n mosie om ons finansiële jaar te verander van die vorige Julie tot Junie 12-maande periode, om saam te loop met ‘n kalender jaar. Dit beteken dat ons jaar eindig nou op 31 Desember. Aangesien die verandering in Junie 2020 goedgekeur is, dek hierdie verslag die periode van 1 Julie 2019 tot 31 Desember 2020.

LIDMAATSKAP

Alhoewel ons nie vergaderings in 2020 kon hou nie, staan ons ledetal op 338 aan die einde van Desember 2020. Meeste van die nuwe lede wat in die jaar aangesluit het, is onlangse intrekkers in Stilbaai wat gretig is om aan te sluit by ‘n organisasie waar hulle ander mense kan ontmoet.

FINANSIES

Ons finansiële state word apart ter tafel gelê, die stand van ons finansies is gesond en dit is nie nodig dat ons ledegelde verhoog nie.

Totale bates op 31 Desember 2020 is R16 268.18, dit sluit die bedrae van die onderskeie Fondse in. Die balans vir U3A Stilbaai is R12 537.86. Die Jagersbosch Fonds het ‘n balans van R1 808.88; die Voëlgroep fonds het R999.44; en die Fotografie Groep fonds het R922.00. Meer detail is in die Finansiële Verslag.

MAANDELIKSE PRAATJIES

Tydens die 18 maaande wat hierdie verslag dek, moes ons 16 maandelikse praatjies aangebied het (vergaderings word nie in Desember gehou nie), maar die Covid-19 pandemie het ons van Maart 2020 deur tot September gesluit. Ons het In Oktober 2020 weer vergader, maar ‘n opvlamming van Covid-19 het die uitstel van die November praatjie beteken. Daar was dus net 8 maandelikse praatjies tydens die 18 maande.

Die maandelikse praatjies is hieronder gelys, informasie oor die inhoud is beskikbaar op ons webtuiste.

Julie 2019	Richard Webb	Die werk en prestasies van die U3A Stilbaai Fotografie Groep.
Aug 2019	Gustav Radloff	Grondregistrasie en Grondhervorming.
Sept 2019	Jenni Sharkey	Emosionele Intelligensie: Kan dit aangeleer of verbeter word?
Okt 2019	Phil Scheffer	Jazz: Wat en van waar?
Nov 2019	Dr Louis Hiemstra	Leonardo da Vinci.
Jan 2020	Pieter Lategan	Klandestiene ondersoeke van die Suid-Afrikaanse Polisie.
Feb 2020	Oliver Iltisberger	The Future of Smart Buildings.
Okt 2020	Dr Deon Begemann	Die Stilbaai Muggie.

Ons hartlike dank aan al die sprekers vir hul moeite en toegewydheid met die voorbereiding van die praatjies.

Gedurende die Covid-19 inperkings het U3A Kaapstad Zoom praatjies gereël en en ‘n klein aantal van ons lede het gereeld hieraan deelgeneem. U3A Kaapstad het ook ander programme soos vasvrae geloods om mense besig te hou tydens inperking; sommige van ons lede het by hierdie programme aangesluit.

KURSUSSE

Voël identifikasie vir beginners: Die kursus wat 3 keer ‘n jaar deur Johan van Rooyen aan groepe van 4-5 aangebied word is baie populêr en was vol bespreek vir 2019; maar net die eerste kursus in Januarie 2020 is voltooi voordat Covid-19 die res gekanselleer het.

GROEPE

Stapgroep: Die groep stap in en naby Stilbaai, maar die Covid-19 regulasies wat groep byeenkomste verbied het, het beteken dat die groep vir die grootste deel van die jaar nie kon stap nie. Staptogte is in Oktober/November

hervat, deelnemers moet sosiale afstandhouding beoefen. Die huidige sameroeper van die groep is Nico Steenekamp.

Voëlgroep: Die Voëlgroep het 'n seksie op die U3A Stilbaai webtuiste waar meer inligting oor die groep se aktiwiteite beskikbaar is. Daar was geen vergaderings of voëlkyk uitstappies in 2020 nie, maar die groep het interesante projekte geloods om lede van U3A Stilbaai tydens grendeltyd besig te hou.

Die eerste was 'n C-19 Voëlfoto-album waar lede uitgenooi is om foto's in te dien van voëls wat in (of vanaf) hul tuine tydens die Vlak 5 Inperkings van 27 Maart tot 30 April 2020 geneem is. Teen die einde van hierdie tydperk het 38 deelnemers honderde foto's van 96 voëlspesies ingedien – almal is op die webtuiste (onder Projekte in die Voëlgroep seksie).

Dit Is gevolg deur deelname aan die "Virtual Museum" projek van die Diere Demografie Eenheid by Universiteit Kaapstad. Lede stuur foto's van voëls en ander diere na die Virtual Museum, alle foto's wat in die Hessequa distrik geneem is deur lede van U3A Stilbaai en wat aanvaar is, is ook op ons webtuiste geplaas (onder Projekte in die Voëlgroep seksie). Tot dusver het 18 deelnemers foto's van 247 voëlspesies, 24 soogdiere, en foto's van reptiele (7 spp), insekte (2 spp) en spinnekoppe (5 spp) ingedien.

Atlaswerk vir die Voëlatlasprojek is tydens die inperkings gestaak, maar kon in Oktober hervat word nadat inperkings verslap is. In Julie 2020 was Johan van Rooyen en Prof Les Underhill mede-outeurs van die tweede artikel in die wetenskaplike joernaal "*Biodiversity Observations*" oor die groep se atlaswerk in die Hessequa distrik; die artikel kan oopgemaak word op ons webtuiste (onder Aktiwiteite in die Voëlgroep seksie).

Fotografie groep: Die groep ontmoet elke maand, maar met Covid-19 inperkings is vergaderings vir meeste van 2020 gekanselleer. 'n Aantal lede het foto's ingedien vir albums op ons webtuiste – dié verskyn onder Albums in die Fotografie seksie. Vergaderings is weer in Oktober en November gehou. Lawrence Barltrop en Richard Webb is in beheer van hierdie groep.

Aandele groep: Die groep met Christo Prins as sameroeper het nie in 2020 byeengekom nie, maar het inligting op 'n gereelde basis per epos uitgeruil.

Neuro-wetenskap groep: Die groep vergader maandeliks, maar meeste vergaderngs in 2020 is kanselleer. Sameroeper Jenni Sharkey het in samewerking met U3A Kaapstad neuorwetenskap besprekings met Zoom oor die internet aangebied. Hierdie praatjies het ook byval gevind by lede van ander U3A's in Suid-Afrika wat deelgeneem het. Sommige van die videos wat aangebied is, is beskikbaar op die U3A Stilbaai webtuiste.

Astronomie groep: Na 'n aantal sterrekyk aande in 2019 en een vroeg in 2020, moes die groep ook aktiwiteite staak weens beperkings. Daar is 'n seksie vir die Astronomie groep op die webtuiste.

Afsluiting: Dankie aan al die groepleiers vir die moeite en tyd wat julle onder die moeilike en uitdagende omstandighede insit om te verseker dat jul groep se aktiwiteite voortgaan.

UITSTAPPIES

'n Aantal Historiese Bergpasse Uitstappies wat vir die tweede helfte van 2019 beplan is moes kanselleer word weens ongure weer. Daar was geen uitstappies in 2020 as gevolg van Covid-19 beperkings.

DANKBETUIGINGS

Ons dank aan Jagersbosch vir die gebruik van Die Waenhuis vir ons vergaderings.

Dankie ook aan die Komitee vir hul ondersteuning en harde werk om die sukses van U3A Stilbaai te verseker. Hella Döckel tree nou na meer as 5 jaar uit as komiteelid, 'n spesiale en groot dankie aan haar vir haar uitstaande bydraes, insigte en harde werk om U3A Stilbaai suksesvol te maak.

Ter afsluiting wil ek julle, ons lojale lede, bedank vir jul ondersteuning en entoesiasme. U3A Stilbaai behoort aan julle, sonder julle sou ons nie hier wees nie. Dankie almal.

Niel van Wyk
Voorsitter: U3A Stilbaai
31 Desember 2020